Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord is 'n woord wat 'n selfstandige naamwoord beskryf in terme van eienskappe soos grootte of kleur, bv. groot, slim, ongelooflik, duur, moeilik.

- Indien 'n byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord wat dit beskryf staan, sê ons dit tree ***attributief*** op:

  'n **ongelooflike** ervaring
  die **duur** parfuum

- Indien 'n byvoeglike naamwoord egter agter die selfstandige naamwoord wat dit beskryf staan, sê ons dit tree ***predikatief*** op:

  Die somme lyk **moeilik.**
  Die kinders is **slim.**

'n Byvoeglike naamwoord kan dus voor of na die selfstandige naamwoord staan, maar die vorm van die woord verander. Leer die volgende vorms, baie daarvan is uitsonderings:

Die seun is **doof**.	'n **dowe** seun
Die rivier is **breed**.	'n **breë** rivier
Die watervlak is **laag**.	**lae** watervlak
Die CD-speler is **duur**.	'n **duur** CD-speler
Die man is **wreed**.	'n **wrede** man
Die brandweerman is **dapper**.	'n **dapper** brandweerman
Die skynsel is **lig**.	'n **ligte** skynsel
Die tannie is **oud**.	'n **ou** tannie
Die wol is **sag**.	**sagte** wol
Die kat is **dood**.	'n **dooie** kat
Sy moue is te **kort**	**kort** moue
My vriende is **goed** vir my.	Ek het **goeie** vriende.
Die brug is **hoog**.	'n **hoë** brug.
Die kleur is **reg**.	die **regte** kleur
Die meisie is **gaaf**.	'n **gawe** meisie
Die see se water is **koud**.	**koue** water
My bord is **leeg**.	'n **leë** bord
Die seun is **lank**.	'n **lang** seun

Byvoeglike naamwoorde kan:

- intensiewe vorme hê:
  bloedrooi; seepglad
- trappe van vergelyking neem:
  groot **groter grootste**
- figuurlik gebruik word:
  'n **gebroke** hart
- verbuig word:
  goed: 'n **goeie** man

http://www.holderstebolder.co.za

Trappe van vergelyking

✩ meeste woorde	**-er** en **-ste** word gewoonlik by die **stellende** trap gevoeg, bv. mooier, mooiste
✩ woorde wat met **-r** eindig	**+ -der; -ste** bv. duurder
✩ woorde wat met 'n kort lettergreep + **-g** eindig	**+ -ter; -ste** bv. ligter
✩ woorde wat met lang lettergreep + **-g** eindig	let op spelling, bv.: hoog hoër hoogste laag laer laagste leeg leër leegste droog droër droogste moeg moeër moegste vroeg vroeër vroegste
✩ woorde wat eindig met **-f**	let op spelling, bv.: grof growwer grofste

- **Meer** en **mees** word gebruik by byvoeglike naamwoorde met meer as een lettergreep en byvoeglike naamwoorde wat op 'n **-e** eindig in die **stellende trap**, bv. meer beskeie, mees beskeie.
- Wanneer **-er** en **-ste** gebruik word, kan meer en mees nie ook by dieselfde woord gevoeg word nie:

  Dis die **mees** interessanste boek wat ek nog gelees het.

  Sê liewer:

  Dis die interessantste boek wat ek nog gelees het. OF Dis die **mees** interessante boek wat ek nog gelees het.

WENK!!! **Wanneer 'n woord in die stellende trap op 'n –s eindig, het die woord in die oortreffende trap altyd 'n dubbel –s, bv. viesste**

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
los	losser	losste
vas	vaster	vasste
ru	ruwer	ruuste
sku	skuwer	skuuste
slu	sluwer	sluuste
gerus	geruster	gerusste
stip	stipter	stipste
suf	suwwer	sufste
tragies	tragieser	tragiesste
	meer tragies	mees tragiese
veraf	verder (af)	verste (af)
vies	vieser	viesste
kwaad	kwater	kwaadste
kwaai	kwaaier	kwaaiste
voos	voser	voosste
beleef	beleefder	beleefste
belese	meer belese	mees belese
verlate	meer verlate	mees verlate
tevrede	meer tevrede	mees tevrede
opgewonde	meer opgewonde	mees opgewonde
woes	woester	woesste
laf	lawwer	lafste
goed	beter	beste
bietjie / min / weinig	minder	minste
baie	meer	meeste
naby	nader	naaste
groot	groter (as)	(die) grootste
oud	ouer	oudste
sag	sagter	sagste
interessant	interessanter	interessantste
moeilik	moeiliker	moeilikste
los	losser	losste
vars	varser	varsste
ervare	meer ervare	mees ervare

WENK!!! **Byvoeglike naamwoorde wat absolute toestande uitdruk, bv. dood, niks of bankrot, het nie trappe van vergelyking nie.**

Intensiewe vorme

asvaal (geskrik)
beeldskoon
blitssnel
blitsvinnig
bloedjonk
bloedmin
bloedrooi
bloedweinig (= baie min/niks)
boeglam (geskrik)
bottoe
brandarm
brandmaer
broodnodig
dolgraag
dolleeg
doodbang
doodeerlik
doodernstig
doodgewoon
doodmaklik
doodmoeg
doodnugter
doodseker
doodsiek
doodstil
tjoepstil
doodtevrede
doodsbleek
dwarsdeur
galbitter
gitswart
pikswart
goudgeel
grasgroen
haarfyn
hemelhoog
hemelsbreed
hemelsblou
hoepelkrom
hondlelik
hondmak
horingoud
houtgerus
kersregop
kiertsregop
kliphard
koeëlrond
kraaknetjies
kuikenswak
kurkdroog
loodswaar
morsaf
morsdood
murgsag
papnat
sopnat
waternat
papsopnat
papryp
peperduur
perdfris
piekfyn
pikdonker
stikdonker
nagdonker
plankdun
pylreguit
penorent
penregop
poedelnakend
popmooi
potblou
prentjiemooi
propvol
reëlreguit
rietskraal
rotsvas
satynsag
seepglad
silwerskoon
skatryk
skitterblink
skotvry
snikheet
skreeulelik
slakstadig
smoordronk
smoorverlief
smoorkwaad
snikheet
spekvet
spierwit
melkwit
splinternuut
spotgoedkoop
springlewendig
stampvol
stapelgek
stokalleen
stoksielalleen
vingeralleen
stokblind
stokdoof
stokflou
stokoud
stokstyf
stomverbaas
stroopsoet
suikersoet
trommeldik
veerlig
vuurwarm
vlymskerp
wasbleek
wawyd
(wawyd oop / wawyd wakker)
wildvreemd
yskoud
ystersterk

http://www.holderstebolder.co.za

Wenke! **Intensiewe vorme word altyd VAS geskryf behalwe wawyd oop, nugter wakker en alom bekend**

Die teenoorgestelde van 'n intensiewe vorm moet ook as intensiewe vorm gegee word, bv.: Die diere is brandmaer / spekvet

Leer ook die volgende:

fyn

Die materiaal is ragfyn.
Sy lyk en voel piekfyn.

Haar stem is klokhelder.

helder Die plan is glashelder.

Die water is kristalhelder.

Oppas vir gly! Die vloere is seepglad.

glad

Die see is vandag spieëlglad.

skoon

Die wasgoed is silwerskoon.
Die meisie is beeldskoon. (pragtig - "skone" geslag)

vol **Die koekieblik is propvol.**

Tydens die basaar was die saal stampvol mense.
(baie mense stamp teen mekaar)

vars

Die water is nie brak nie, maar neutvars.
Die groente is kraakvars.
Die gebak is oondvars.